**Sondag 12 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 24:12-18**
**Fokusgedeelte: Eksodus 24:15-18**
**Bevry van slawerny sodat ons in God se teenwoordigheid kan bly**

Kort nadat Moses die Israeliete uit die Egiptiese slawehuis uitgelei het, het Moses en Israel se leiers ’n offer op Sinaiberg gebring. Daar het hulle God gesien, geëet en gedrink. Die leiers is terug na die ander Israeliete toe, maar God het Moses en Josua geroep om nog hoër teen die berg op te klim.

’n Wolk het die berg oordek en die heerlikheid van die Here het op Sinaiberg gebly. God se heerlikheid is ’n uitdrukking wat vir ons sê Hy was Self daar teenwoordig. Hy het vir ’n tydjie sy blyplek by Moses gemaak.

Moses, Israel se verteenwoordiger (middelaar) by God, moes eers ses dae wag voordat Hy in die wolk kon ingaan om by God vir 40 dae te bly. Hy het op ’n praktiese manier ervaar wat die doel van die sabbatsgebod was soos ons dit in Deuteronomium 5:12-15 kry. Die Israeliete moes ses dae werk en die sewende dag rus, terwyl hulle daaraan dink dat hulle in Egipte slawe was en dat God hulle deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Hy het hulle bevry sodat hulle in sy sabbatsrus – sy teenwoordigheid – kan bly (Heb. 4:8-11).

Die offer wat Moses saam met die leiers gebring het, was nie genoeg om te verseker dat hulle van hulle sondeslawerny bevry was nie. ’n Beter Offer was nodig. God Self het die volmaakte Offer verskaf toe Hy sy Seun aarde toe gestuur het om onder ons te kom woon. In ons Here Jesus sien ons God se heerlikheid (Joh. 1:14).

Ons Here het die volmaakte offer gebring. Hy is tans besig om vir ons plek voor te berei. Hy sal ons na Hom toe neem sodat ons nie net vir 40 dae nie, maar vir altyd kan wees waar God is.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 8*
*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*